

**4 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 15 (OAV)**

### **Skoongemaak vir die verbond**

Abram het met geloofsdade op God se beloftes gereageer. Nou sien hy egter probleme met die vervulling van die beloftes. Hy het nie 'n seun aan wie die beloftes vervul kan word nie. God sê uitdruklik dat Abram se eie seun sy erfgenaam sal wees. Abram het dit geglo, maar terselfdertyd wil die twyfel hom nie los nie. Hy vra 'n teken om sy geloof te versterk. Die Here gee aan hom 'n teken deur 'n verbond met hom te sluit. By die sluiting van 'n verbond is diere in stukke gesny. Die partye het dan tussen die stukke deurgeloop. Dit was die teken dat die een wat die verbond verbreek, só in stukke gesny sal word.

Teen die aand het die Here alleen in 'n "*rokende oond en vurige fakkel*" (vers 17 OAV) tussen die stukke vleis deurgedaan. Die verbond word van God se kant gesluit. Hy en Abram is nie gelyke partye nie. Die handhawing van die verbond is in God se getrouheid gegrond. Hy sal sy verbondsbeloftes nakom. Die rokende oond en vurige fakkel waarmee Hy tussen die stukke vleis deurgaen, is die teken van sy heilige teenwoordigheid.

Daardeur word aangedui dat 'n mens nie in 'n verbondsverhouding met God kan lewe sonder dat Hy jou eers uit genade skoonmaak nie.

Deur die bloed van Christus is ons skoonmaak om in 'n verbondsverhouding met God te lewe. Die rokende oond en vurige fakkel van God se toorn oor ons verbondsontrou, het oor Hom gegaan. Dit eis dat ons moet glo dat ons skoon gewas is en daarom moet ons soos skoongewastes lewe. Die opstandingsdag van Christus (Sondag) is vir ons die bevestiging daarvan.

Sing: Psalm 25:1,2

Ds AP Krüger (Postmasburg)